

Donderdag 21 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 23:1-25

Fokusgedeelte: Lukas 23:22-25

Jesus, die Onskuldige, skuldig verklaar!

Pilatus sê vir hulle: “*Watter kwaad het die man gedoen?*” Pilatus was ’n wrede man. Hy het nie geskroom om Joodse opstande hardhandig te onderdruk nie. Dit sou vir hom niks gewees het om Jesus skuldig te bevind nie. Tog was hy ook ’n gesoute en ervare administrateur wat die Romeinse reg geken het. Hy sien egter in Jesus geen skuld nie. Hy sien wel die nydigheid van die Joodse leiers. Daarom sê hy beslis en by herhaling aan die Jode: Hierdie man is onskuldig!

Wat daarna gebeur, is hartseer: die skare wat aangegroei het voor die vesting Antonia begin skree, harder en harder. Kruisig Hom, kruisig Hom, kruisig Hom! Alle redelikheid en nugterheid het hulle verlaat en bloedlus en groepsmentaliteit het oorgeneem. Heel moontlik wou hulle die Romeine nie hulle sin gee nie. Pilatus sit met ’n dreigende opstand en kies die lafhartige uitweg: hy offer Jesus, wat hy so pas onskuldig bevind het, op aan die Jode en hulle neem Hom weg. Jesus, die Onskuldige, word skuldig verklaar!

Met sy hemelvaart het Christus, die Onskuldige wat skuldig verklaar is, die regterstoel ingeneem waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. Die gedagte maak ons bang, veral as ons aan ons sonde en ons sondige geaardheid dink. Ons sal eendag voor die regterstoel van die heilige Seun van God moet gaan staan.

Tog moet ons nie vrees nie. Die Regter wat kom, is niemand anders nie as ons HERE Jesus wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het.

As jy weet wat reg is, moenie toegee aan die oortuiging van die meerderheid nie! Sê wat jy moet. Bid dat die HERE jou sal help om op te staan vir wat reg is.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)